# Hoofstuk van die dag: Matteus 28

> *Hulle het toe haastig van die graf af weggegaan, bang maar baie bly, en hulle het gehardloop om dit aan die dissipels te vertel. (vers 8)*

’n Mens kan een van twee reaksies op Jesus se opstanding kan

hê. Die vroue het dadelik geglo dat Hy opgestaan het. Die priesterhoofde en familiehoofde glo dit nie. Niemand het immers gesien hoe Jesus uit die dood opstaan nie. Daar moet ’n ander verklaring vir die leë graf wees.
Ons kan soos die vroue glo en met blydskap in die hart en ’n boodskap op die lippe die lewe ingaan, of ons kan ons skouers daaroor optrek. In een geval verander hele jou lewe; in die ander geval maak dit nie verskil nie.
Hoekom reageer mense verskillend op die berig van Jesus se opstanding? Die vroue het die Here Jesus persoonlik geken en Hom liefgehad, terwyl die Here Jesus vir die priesterhoofde en familiehoofde net ’n kennis was.
Die evangelie is ’n persoonlike saak. Geloof kom nie van hoorsê nie. Dit ontstaan uit ’n ontmoeting wat jy met die Here Jesus gehad het en elke dag opnuut weer het, waar jy as mens deur die lewende Christus oorrompel word. Dán eers sal die opstandingsboodskap ’n verskil in jou lewe maak.

Naskrif: Môre begin ons (DV) die boek Numeri lees.

## Onlangse Bydraes


- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026